Vlaandere en Suid-Afrika: Normalisering van politieke en kulturele betrekkinge sedert 1990

Otto Terblanche
Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit
Port Elizabeth

Abstract

Flanders, the northern, Dutch-speaking regional state of Belgium, traditionally regarded the preservation and strengthening of language and cultural ties with the Afrikaner as of the utmost importance. In this article the normalisation of political and cultural relations between Flanders and South Africa will be analysed in the period since 1990. The Flemish government would become more involved in developmental projects in South Africa regarding housing, health and education. The kinship between the Afrikaners and the Flemish people contributed greatly to the lively cultural interaction regarding congresses and visits by writers, poets and artists. Afrikaans books were promoted and Afrikaans was taught at various Flemish universities. There were also positive signs regarding governmental support for the Afrikaans language in Flanders.

Keywords: Afrikaans; Belgium; Flanders; South Africa; Political relations; Cultural ties; Development co-operation.

Inleiding

Taal- en kultuurbande het tradisioneel 'n groot rol gespeel in die betrekkinge tussen Vlaandere, die noordelike, Nederlandstalige deelstaat van België, en Suid-Afrika. Vanweë die Vlaams-nasionalistiese beweging se stryd teen die dominansie van Frans, was daar in Vlaandere groter begrip vir die Afrikaner se strewe om sy eie identiteit te bewaar en uit te bou. Taalverwantskap was en is steeds van primêre belang wat die betrekkinge tussen die Afrikaners en die Vlaminge betref.

Politieke en kulturele betrekkinge tussen Vlaandere en Suid-Afrika het gedurende die apartheidsjare onder groot druk gekom. Die sanksie- en boikotbeweging teen Suid-Afrika het sy tol geëis. Die akademiese boikot het

in meer as een opsig 'n negatiewe uitwerking gehad, veral wat kultuurbande in die algemeen en die Neerlandistiek in die besonder betref. Hierdie artikel wil die kollig laat val op die normalisering van politieke en kulturele betrekkinge sedert 1990. Benewens politieke verhoudinge wat herstel is, was België en Vlaandere, wat ontwikkelingssamewerking betref, baie betrokke by velerlei projekte in Suid-Afrika. Klem sal ook gelê word op die uitbouing van kulturele bande op verskillende vlakke. Veral die Afrikaanse taal het baat gevind by die lewenskragtige kulturele wisselwerking wat die betrekkinge sedert 1990 gekenmerk het.

Die jare ná 1990 het vir Suid-Afrika 'n belangrike keerpunt verteenwoordig. Pres. FW de Klerk het op 2 Februarie 1990 in 'n epogmakende toespraak aangekondig dat die verbod op die African National Congress (ANC) , die Pan Africanist Congress (PAC), die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party en 'n aantal ander organisasies opgehef gaan word. Nelson Mandela sou ook onvoorwaardelik vrygelaat word. Hierdie toespraak het vir alle praktiese doeleindes apartheid afgeskaf en die deur geopen na 'n nuwe nie-rassige Suid-Afrika. De Klerk se historiese toespraak het eventueel tot die normalisering van betrekkinge gelei. Betrekkinge met België en Vlaandere sou egter eers na Suid-Afrika se eerste demokratiese algemene verkiesing op 27 April 1994 en Mandela se inhuldiging as president daarna volledig genormaliseer word.[1]

Die politieke landskap in België het ook ná 1990 verander. België het volledig 'n federale land geword. Die Sint-Michielsakkoord van 1993 het die vierde fase van die proses van staatshervorming in België verteenwoordig. Die Vlaamse Gemeenskap het sy eie parlement en regering gekry. Vlaandere het ingevolge hierdie akkoord internasionale verdragsbevoegdheid gekry ten opsigte van onderwys, kultuurbeleid en gesondheidsorg.

Wedersydse ampsbesoeke

Eerstens word verwys na Suid-Afrikaanse ampsbesoeke. Pres. De Klerk het van 15 tot 17 Mei 1990 'n werksbesoek aan België gebring. Dit was deel van 'n omvattende 18-daagse Europese rondreis waarin hy nege lande besoek het. Op sy besoek het De Klerk onder meer gesprekke gevoer met koning Boudewijn, premier Wilfried Martens en lede van die Europese Gemeenskap en Europese

1 HO Terblanche, *Nederland en die Afrikaner: Gesprek oor apartheid* (Port Elizabeth, Universiteit van Port Elizabeth, 1998), pp. 212-214.

Kommissie. De Klerk het op 'n perskonferensie in Brussel verklaar "dat wij niet naar Europa gekomen zijn met onze hoed in onze hand in een poging om die sancties ongedaan te maken." Hy het wel toegegee dat die sanksies 'n remmende invloed uitoefen op Suid-Afrika se pogings om die sosio-ekonomiese uitdagings in die land die hoof te bied. De Klerk se besoek is as 'n diplomatieke sukses bestempel.[2]

Dr. Ben Ngubane, die Suid-Afrikaanse minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie, het van 8 tot 11 November 1994 'n amptelike besoek aan België en die instellings van die Europese Unie gebring. Dit was die eerste amptelike besoek van 'n minister van die Regering van Nasionale Eenheid. Hy het ook gesprek gevoer met die Vlaamse minister-president Luc van den Brande.[3]

Pres. Thabo Mbeki het België op 10 Oktober 2001 op uitnodiging van EU-voorsitter en Belgiese premier Guy Verhofstadt besoek. Mbeki is ook deur koning Albert II ontvang. Die besoek het in die teken gestaan van Mbeki se Nuwe Inisiatief vir Afrika.[4] Mbeki het van 15 tot 17 November 2004 'n belangwekkende ampsbesoek aan die Europese Unie en België gebring. Die besoek het in die kader gestaan van "Tien Jaar Vrijheid" in Suid-Afrika en van die New Partnership for Africa's Development (Nepad). Mbeki het uitvoerige gesprekke gevoer met lede van die Europese Kommissie en premier Verhofstadt. Hy was ook gasspreker op die jaarlikse galadinee van die Antwerpse Hoge Raad voor de Diamant.[5]

Toekomstige Vlaams-Suid-Afrikaanse verhoudinge het ook aandag geniet. Mbeki het in die verband samesprekings gevoer met die Vlaamse minister-president Yves Leterme. Die Vlaamse regering het in die vorige tien jaar meer as 60 miljoen euros in samewerking met Suid-Afrika belê. Tydens Mbeki se besoek is twee Verklarings van Voorneme ook onderteken met die oog op nouer ekonomiese samewerking tussen Vlaandere en Suid-Afrika.[6]

Tweedens word verwys na besoeke van Belgiese of Vlaamse leiersfigure aan Suid-Afrika. Tien verteenwoordigers uit die akademiese wêreld en vakbondwese

2 Pres. FW de Klerk, België, *Beelden*, Mei 1990, pp. 2-3, 9; *South African Panorama*, July/August 1990, pp. 6-7.
3 Minister Ngubane, België, *Beelden*, Desember 1994, p. 6.
4 "Europa steunt het Nieuw Initiatief voor Afrika", *Beelden van Zuid-Afrika*, Oktober-November 2001, pp. 1-2.
5 "Officieel bezoek van president Thabo Mbeki", *Beelden van Zuid-Afrika*, Oktober-November 2004, pp. 1-2; "Nauwere samenwerking voor ontwikkeling", *Beelden van Zuid-Afrika*, Desember 2004-Januarie 2005, pp. 1-6; *De Standaard*, 16 & 17 November 2004.
6 "Ten years of co-operation between Flanders and South Africa", *Flanders*, December 2004, pp. 10-11.

in Vlaandere het van 9 tot 17 November 1991 'n "'fact finding'-missie" na Suid-Afrika onderneem ten einde die situasie aldaar krities te evalueer. Die afvaardiging het onder meer gepleit vir doelgerigte ontwikkelingshulp van die Belgiese owerheid en van nie-regerings ontwikkelingsorganisasies. Dié hulp moes "ten goede komt aan de gemarginaliseerde meerderheid in Zuid-Afrika … ."[7]

Die Vlaamse regering het op 23 Junie 1993 besluit om sy betrekkinge met Suid-Afrika te normaliseer. 'n Afvaardiging van die Vlaamse parlement het van 1 tot 11 Oktober 1993 'n besoek aan Suid-Afrika gebring. Op 19 April 1994, enkele dae voor die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika, het die Vlaamse parlement 'n resolusie goedgekeur betreffende die Suid-Afrika-beleid van die Vlaamse Gemeenskap. Hiervolgens het die hele kwessie van taalverwantskap 'n ondergeskikte rol gespeel. Die Vlaamse regering was in die jare 1993-1994 ten gunste van "een brede en omvattende samenwerking" met Suid-Afrika, met klem onder meer op ekonomiese opbou en ontwikkeling, die bevordering van meertaligheid, huisvesting, onderwys, gesondheidsorg en landelike ontwikkeling.[8]

Die Vlaamse minister-president Luc van den Brande het Suid-Afrika van 29 Oktober tot 6 November 1994 besoek met die doel om die betrekkinge met Suid-Afrika te normaliseer. Tydens die besoek is 'n Verklaring van Voorneme tussen beide regerings onderteken. Die Vlaamse regering het ook besluit om gedurende die periode 1994-1996 'n jaarlikse bedrag van 170 miljoen frank te bestee aan samewerkingsprojekte met Suid-Afrika. Die bedoeling was om sosio-ekonomiese herstel en ontwikkeling te stimuleer.[9]

Van den Brande het van 24 Oktober tot 3 November 1996 weer 'n ampsbesoek aan Suid-Afrika gebring, en wel op uitnodiging van die Suid-Afrikaanse regering. 'n Handelsafvaardiging het ook die besoek meegemaak. Tydens sy besoek aan die Vrystaat het die minister-president 'n memorandum van samewerking onderteken. Die Vlaamse regering het verder besluit om in die periode 1997-1999 'n jaarlikse bedrag van 200 miljoen frank te bestee aan sosio-ekonomiese en kulturele ontwikkelingsprojekte in Suid-Afrika.

---

7 "Zuid-Afrika 2000", *Amandla*, Januarie 1992, pp. 22-24.

8 *Vlaams Parlement*, Stuk 735 (1996-1997), Nr. 2, p. 4; "Flanders in South Africa: Political relations" (available at: http://www.flanders.be/servlet, as accessed on 2 February 2009); F Judo, "Zelfportret met springbokken: 1993-2008", SW Couwenberg (red.), *Apartheid, Anti-apartheid, Post-apartheid* (Civis Mundi jaarboek 2008, Damon, 2008), pp. 108-111.

9 "Vlaamse regeringsdelegatie op officieel bezoek in Zuid-Afrika", *Beelden*, Desember 1994, p. 3; "Afrikaans op agtergrond wyl bande gesmee word", *Rapport*, 15 Januarie 1995.

Hierdie besoek van Van den Brande was van groot belang want op 28 Oktober 1996 is 'n samewerkingsverdrag tussen die Vlaamse regering en die Suid-Afrikaanse regering betreffende onderwys, kuns, kultuur, wetenskap, tegnologie en sport in Pretoria onderteken. Die taalverwantskap tussen Nederlands en Afrikaans het ook in hierdie verdrag 'n ondergeskikte rol gespeel. Vir Vlaandere was dit belangrik om die meertaligheid in Suid-Afrika te ondersteun en te bevorder.[10] Die Vlaamse minister-president, Patrick Dewael, het gevolglik in November 2000 'n verdere ampsbesoek aan Suid-Afrika gebring.

Prinses Astrid, president van die Belgiese Rooi Kruis, en Marc Verwilghen, minister van Ontwikkelingssamenwerking, het einde April 2004 na Suid-Afrika gereis. Prinses Astrid het verskeie vigs-projekte in Suid-Afrika besoek. Sy het ook 'n welwillendheidsbesoek gebring aan die Universiteit van Stellenbosch.[11] Prins Philippe en prinses Mathilde het Suid-Afrika in Maart 2006 aangedoen. Hulle was vergesel van 'n Belgiese ekonomiese missie van hoof-uitvoerende beamptes en senior bestuurders van byna 70 maatskappye met die doel om wedersydse handelsbande te verstewig. [12]

Politieke verhoudinge

Toekennings en vererings

In vele opsigte vertel die etlike toekennings aan Suid-Afrikaners vanaf die negentigerjare 'n eiesoortige verhaal. Toekennings en vererings is te assosieer met positief-aanvaarde politieke belewenisse. Die politieke omwenteling in Suid-Afrika teen 1990, en veral ná 1994, het spoedig neerslag gevind in die verering van Suid-Afrikaners met eredoktorsgrade aan Belgiese universiteite. So het die Vrije Universiteit Brussel in Oktober 1993 eredoktorsgrade toegeken aan pres. FW de Klerk en Nelson Mandela. Die rektor het klem gelê op die betekenis van dié twee staatsmanne vir die proses van demokratisering in Suid-Afrika: "Zonder zorgzame leiders, zonder leiders die zich tenvolle bewust zijn van het subtiele politieke evenwicht dat noodzakelijk is in een

10 *Vlaams Parlement*, Stuk 735 (1996-1997), Nr. 2, pp. 5-10; F Vandenbroeke, "SA word swaartepunt van Vlaamse beleid in Afrika", *Die Burger*, 26 Oktober 1996; D van Zyl, "Kultuurverdrae dra ruimheid in taalbroers se lande in", *Die Burger*, 5 November 1996. Kyk ook onderhoud, L van den Brande, *Neerlandia*, Oktober 1996, pp. 8-9.

11 "Zending HKH Prinses Astrid naar Zuid-Afrika" (available at: http://www.dgic.be/nl/de_minister/persberichten, as accessed on 3 May 2005) ; "Belgiese prinses besoek kampus", *Matieland,* 1/2004, p. 23.

12 "Belgiese koninklikes open sentrum by UWK", *Die Burger*, 14 Maart 2006.

democratie, kan de democratie niet blijven bestaan."[13] Nelson Mandela het in Mei 2004 'n eredoktorsgraad van die Universiteit Antwerpen ontvang. Dit is in sy afwesigheid aan hom toegeken. Mandela is vereer vir sy bydrae tot vrede: "Niemand anders had op deze manier de basis kunnen leggen voor de stabilisering van geheel zuidelijk Afrika."[14]

Emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu het in Maart 2005 'n eredoktorsgraad van die Universiteit Gent ontvang. Tutu is vereer omdat hy die versinnebeelding is van "de gedachte van de waardigheid en gelijkwaardigheid van alle mensen." Die rektor het daarop gewys dat hierdie waardes voortdurend onder druk staan: "Ze zijn fundamenteel voor een democratie en een rechtstaat, voor een vrije samenleving waarin mensen ongeacht ras, geslacht, afkomst of religie kansen krijgen." Tutu was ook die kanselier van die Universiteit van die Wes-Kaap (UWK). Die Universiteit Gent het ondersteuning verskaf om navorsings- en ontwikkelingsgeriewe by die UWK te bevorder.[15] Me. Graça Machel, eggenote van oudpres. Nelson Mandela, is in April 2008 deur die Universiteit Gent met 'n eredoktorsgraad vereer. Dit is aan haar toegeken as 'n persoon met 'n groot maatskaplike verdienste en hoë morele gesag. Machel het die eerbewys in ontvangs geneem "namens alle Afrika-vroue" wat vir die vasteland gestry het.[16]

Suid-Afrikaanse ambassades ingekort

Die Suid-Afrikaanse regering het in Junie 1998 besluit om die Suid-Afrikaanse ambassade in België te sluit. Die regering se voorneme was om sy ambassade in Brussel en dié by die Europese Unie (ook in Brussel) te laat saamsmelt. Die Suid-Afrikaanse regering het die voorafgaande jaar nege van sy buitelandse missies gesluit as deel van die departement van Buitelandse Sake se rasionalisasie. Suid-Afrika se buitelandse beleid onder pres. Mandela het naamlik sekere fokusveranderings ondergaan. Minder klem is gelê op Europa en meer ambassades sou geopen word in Afrika, die Midde-Ooste en Asië. China was ook vir Suid-Afrika 'n prioriteit. Die missie in Brussel by die

13 "President FW de Klerk en Nelson Mandela doctor honoris causa van de VU Brussel", *Beelden,* Oktober-November 1993, pp. 4-5.

14 "Antwerps eredoctoraat voor Nelson Mandela", *De Standaard*, 6 Januarie 2004.

15 "Tutu ontvang eredoktoraat van Gent", *Rapport*, 20 Maart 2005; "Waarheid geneest", *De Standaard*, 19 & 20 Maart 2005; " Laudatio Aartsbisschop Em. Desmond Tutu" (available at: http://www.ugent.be/nl/univgent/publicaties/toespraken, as accessed on 23 October 2005).

16 "Graça Machel kry Belgiese eregraad", *Die Burger*, 24 April 2008.

Belgiese regering is gevolglik met ingang 1 Julie 1998 gesluit. Dit het beteken dat Suid-Afrika se missie by die Europese Unie in Brussel voortaan die land se enigste verteenwoordiger in België sou wees.[17]

Suid-Afrika se ambassadeur in Brussel, me. Anette de Kock-Joubert, het die beplande sluiting sterk teengestaan, veral vanweë die spesiale band wat daar was tussen Suid-Afrika en België. België was ook toe Suid-Afrika se agtste grootste handelsvennoot. Ontsteltenis het ook in Belgiese politieke kringe geheers. Kenners van die Belgiese politiek was van mening dat dit as 'n belediging vir koning Albert II en die Belgiese regering beskou kon word. Hierdie kwessie is ook te berde gebring in die Vlaamse parlement. Die minister-president Luc van den Brande het uitvoerig geantwoord op 'n vraag wat oor die uitfaseer van die ambassade gestel is. Volgens hom behoort dit nie die bilaterale verhoudinge tussen Vlaandere en Suid-Afrika negatief te beïnvloed nie.[18]

Groot ongelukkigheid het ook in Suid-Afrika geheers oor die stap. *Die Burger* het dit baie duidelik gestel dat dit nie in Suid-Afrika se belang was nie. België was vir Suid-Afrika van groot betekenis wat handel en beleggings betref. Daarom het *Die Burger* gevoel dat dit 'n fout sou wees "om só 'n winsgewende omgewing deur besnoeiings skade te laat ly."[19] Die feit is beklemtoon dat Brussel die knooppunt is waar die meeste sake in Europa bymekaarkom. Suid-Afrika se ambassadeur by die Europese Unie, dr. E Links, sou voortaan ook ambassadeur in België en in Luxemburg wees. Hy sou dus aan die hoof van drie ambassades wees.

Belgiese belangstelling in Suid-Afrika

Suid-Afrika het sy nasionale dag, Vryheidsdag, op 27 April 2004 gevier. Presies tien jaar vantevore het die land sy eerste vrye en demokratiese verkiesing gehou. Die Suid-Afrikaanse ambassade in Brussel het die "Tien Jaar Vrijheid" op 'n uitgebreide skaal gevier. Die ambassade het 'n hele reeks aktiwiteite aangebied, "waar wij het beste van onszelf zullen tonen en waar u

17 "Nege oorsese missies van Suid-Afrika reeds gesluit", *Die Burger*, 4 Julie 1998.

18 "Commissie voor Buitenlandse en Europese Aangelegenheden Vergadering van 30 Junie 1998" (available at: http://jsp.vlaamsparlement.be/website/htm, as accessed on 25 July 2007); "Suid-Afrika ambassadeur in België dreig Nzo met regstappe", *Die Burger*, 18 Junie 1998; DJ Eppink, "Besnoeiing kan bande tussen België en SA skaad", *Wêreld Burger*, 1 Julie 1998.

19 Hoofartikel, "Nie in SA se belang", *Die Burger*, 19 Junie 1998.

kan kennismaken met alle aspecten van Zuid-Afrika", aldus ambassadeur JM Matjila.[20]

Suid-Afrika se Belgiese vriende is uitgenooi om die land te herontdek ná tien jaar. 'n Fototentoonstelling is gehou om op 'n aanskoulike wyse die dinamiek van die veranderinge in Suid-Afrika voor te stel. Dit is opgeluister met musiek en dans wat die kulturele diversiteit van Suid-Afrika weerspieël het. Vyf van die provinsies het ook hulle toerisme-attraksies bekend gestel. Daar het ook 'n kulinêre avontuur op die Belge gewag. Suid-Afrikaanse geregte en wyne is by uitgesoekte restaurante bedien. Vir fynproewers was dit 'n fees. 'n Koop Suid-Afrikaans-veldtog is ook geloods. Delhaize sou in al sy 123 supermarkte en byna 200 winkels die kollig op hul reeks van Suid-Afrikaanse produkte laat val. (Dit staan in skerp kontras met die boikotveldtogte van die tagtigerjare). Die werk van 12 Suid-Afrikaanse kunstenaars is uitgestal tydens 'n tentoonstelling van hedendaagse Suid-Afrikaanse kuns. Dit was die eerste tentoonstelling in België wat uitsluitend aan Suid-Afrikaanse kunstenaars gewy is.[21]

UShaka na België

Die ambassade het ook Afrika se eerste oratorium, "UShaka", na België gebring. UShaka, 'n epiese musiekdrama van negentig minute, is in 1985 gekomponeer deur prof. M Khumalo. Dit was destyds die langste stuk tradisionele koormusiek was nog deur 'n swart Suid-Afrikaner gekomponeer is. 'n Afrika Rolprentfees is ook aangebied. In samewerking met die ambassade in Brussel is 'n aantal bekende Suid-Afrikaanse rolprente na België gebring. Rolprente soos "Amandla" en "Promised Land" is onder meer vertoon. Een van die hoogtepunte van die "Tien Jaar Vrijheid"-feesvieringe het op 27 April 2004 in Brussel afgespeel. Een van Brussel se bekendste simbole, die Manneken Pis, is toe getooi in 'n tipiese kleurryke "Madiba-hemp" met passende grys hare daarby. Op hierdie gepaste wyse "brengt de kleinste Brusselaar hulde aan de grootste icoon uit Zuid-Afrika's geschiedenis."[22]

20 South African Embassy (Brussels), *10 Years of freedom,* 1994-2004, pp. 2-3.
21 South African Embassy (Brussels), *10 Years of freedom,* 1994-2004, pp. 16-19, 22-23, 28-29.
22 South African Embassy (Brussels), *10 Years of freedom,* 1994-2004, pp. 20-21, 24-27; *Beelden van Zuid-Afrika*, April-Mei 2004; Department of Arts and Culture, *UShaka Tour to Europe 2004; De Standaard*, 27 April 2004 & 28 April 2004.

Mandela 'n ikoon

Mandela is as 'n ikoniese figuur in België gehuldig. Die Vlaamse minister van Kultuur, Jeug en Sport, Bert Anciaux, het in Februarie 2007 'n fototentoonstelling "Mandela: Een portret" in Brussel geopen. Hy het Mandela se vrylating op 11 Februarie 1990 as "één van de finest hours van de geschiedenis" bestempel. Hy het in sy toespraak Mandela gehuldig "als icoon van een niet-racistische maatschappij. Waar, mannen én vrouwen, van alle kleuren, zoveel mogelijke gelijke kansen krijgen." Die fototentoonstelling het oor die lewe van Mandela en die stryd teen apartheid gehandel. Die tentoonstelling is opgebou rondom 27 illustrasies uit die boek *Mandela: het geautoriseerde portret* (Lannoo, 2006). Die fototentoonstelling is ook in ander Vlaamse dorpe en stede aangebied.[23]

Mandela se 90ste verjaarsdag in 2008 was ook vir die Belge 'n besondere gebeurtenis. Die voormalige Belgiese premier, Guy Verhofstadt, se drie ontmoetings met Mandela het hom bygebly. In 'n onderhoud het hy meer daaroor vertel: "Wat me het meest is bijgebleven, is de eerste ontmoeting bij een officieel bezoek in Zuid-Afrika in 2000. Ik ben dan bij hem thuis geweest. Het klikte meteen … Hij heeft een heel eenvoudige, innemende manier van praten. Hij gaat onmiddellijk naar de kern. Onze gesprekken gingen vooral over de democratisering in Afrika en wat we samen konden doen." Verhofstadt het verder beweer: "Mandela is Zuid-Afrika." Hy het Mandela bestempel as "het lichtbaken van Afrika."[24]

Ontwikkelingssamewerking 'n suksesverhaal

Die Belgiese regering is reeds sedert 1994, wat ontwikkelingssamewerking betref, betrokke by 'n aantal programme in Suid-Afrika. Suid-Afrika is een van 18 vennootskapslande van die Belgiese ontwikkelingssamewerking. Die Belgiese projekte in Suid-Afrika rus op drie pilare: gesondheidssorg (die stryd teen vigs), land- en landbouhervorming, en veiligheid en sekerheid (polisiehervorming).[25]

23 "Mandela-expo" (available at: http://www.hopedesir.be/mandela/artikel, as accessed on 10 October 2008).
24 "Mandela is Zuid-Afrika", *De Standaard*, 27 Junie 2008.
25 "De Belgische Ontwikkelingssamenwerking in Zuid-Afrika" (available at: www.dgos.be en www.btcctb.org, as accessed on 3 May 2007).

Suid-Afrika voer 'n verbete stryd teen die dubbele epidemie van MIV/vigs en tuberkulose. België en Suid-Afrika het in 2003 'n vyfjaarprogram ten bedrae van 6,2 miljoen euro geloods om die vernietigende uitwerking van MIV/vigs, tuberkulose en seksueel oordragbare siektes die hoof te bied. Die Belgische Technische Coöperatie (BTC) het in dié verband steun verleen aan die Suid-Afrikaanse ministerie van Gesondheid. België het ook tegniese advies verleen ten opsigte van die behandelingsprogramme met antiretrovirale medisyne (ARM). Ten einde hierdie beleid in dade om te sit is dit van wesensbelang dat die kapasiteit van die gesondheidsektor in Suid-Afrika verbeter word. Met die oog hierop het België in 2005 'n verdere bedrag van 3,5 miljoen euro opsygesit.[26]

Land- en landbouhervorming in Suid-Afrika is belangrik met die oog op die uitwissing van armoede, ekonomiese groei en die verbetering van die lewenskwaliteit van alle Suid-Afrikaners. België het in 2005 'n bedrag van 6 miljoen euro bewillig wat aangewend kon word aan die oordrag van grond aan diegene met wettige aansprake. Die departement van Grondsake sou ook finansiële steun ontvang sodat die begunstigdes wat grond ontvang het, bygestaan kon word. Hierdie "vervolgstrategie" het vir 'n periode van tien jaar gegeld.[27]

Die bekamping van misdaad in Suid-Afrika is 'n prioriteitskwessie. België het sedert 1994 steun verleen aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD). In 2003 het België 'n bykomende 3 miljoen euro beskikbaar gestel sodat die SAPD in 'n meer effektiewe mag omskep kon word om sodoende beter in die behoeftes van die gemeenskappe te voldoen. Die werwing van strategiese polisiepersoneel het veral hoë prioriteit geniet.[28]

Vlaandere het in 1993 die bevoegdheid gekry om 'n eie buitelandse beleid te voer. Sedert 1999 is daar 'n Vlaamse minister van Ontwikkelingssamenwerking. Suid-Afrika was die eerste vennootskapsland van die Vlaamse ontwikkelingssamewerking.[29] Suid-Afrika is Vlaandere se belangrikste bondgenoot in Afrika op politieke en ekonomiese gebied. Suid-Afrika word gesien as die poort na Afrika. Die Vlaamse parlement glo dat

26 "Belgische Technische Coöperatie" (available at: http://www.btcctb.org, as accessed on 8 May 2007); "Aids berooft Zuid-Afrikaanse kinderen van hun onschuld", Dimensie 3, April-Mei 2006, pp. 9-11.

27 "Belgische Technische Coöperatie" (available at: http://www.btcctb.org, as accessed on 8 May 2007); *De Standaard,* 22 Augustus 2006.

28 "Belgische Technische Coöperatie" (available at: http://www.btcctb.org , as accessed on 8 May 2007).

29 "Vlaamse Ontwikkelingssamenwerking. Partnerland: Zuid-Afrika" (available at: http://docs.vlaanderen.be/channels/hoofdmenu/vlaanderenint/Ontwikkelingssamenwerking, as accessed on 12 April 2005).

Suid-Afrika die sleutelland op die kontinent Afrika is. Teen September 2000 het Vlaandere in ses lande diplomatieke verteenwoordigers gehad. Suid-Afrika was die enigste Afrika-land.[30]

Die Vlaamse minister-president, Luc van den Brande, het in Oktober 1996 aangekondig dat Vlaandere sy jaarlikse ontwikkelingshulp aan Suid-Afrika van sowat R24,75 miljoen tot sowat R29,25 miljoen verhoog. Die bedoeling was om tot die heropbou en ontwikkeling van Suid-Afrika by te dra. Die Vlaamse regering het die vorige twee jaar reeds meer as R70 miljoen bygedra tot behuising, gesondheid, onderwys, gemeenskapsontwikkeling, vakbondopleiding en die ontwikkeling van kleinsake-ondernemings in Suid-Afrika.[31] Vlaandere en Suid-Afrika het in Oktober 1996 ook 'n akkoord onderteken oor samewerking in die gesondheidsektor. Vlaandere het veral projekte ondersteun ter voorkoming van blindheid en sorg vir gestremdes (die verskaffing van rolstoele aan gestremdes). Die Vlaamse regering was ook betrokke by taalfasiliteringsprogramme. Die bevordering van meertaligheid is eweneens as 'n prioriteit gesien. Taalprojekte moes dus alle tale in Suid-Afrika bevoordeel.[32]

Vlaandere en Suid-Afrika het in 2001 'n Memorandum van Verstandhouding insake ontwikkelingssamewerking gesluit. Die Vlaamse minister van Kultuursake, Paul van Grembergen, het in November 2003 aangekondig dat Vlaandere R25 miljoen oor drie jaar in Suid-Afrikaanse kuns- en kultuurprojekte gaan belê. Volgens hom is kuns en kultuur doeltreffende instrumente om mense bymekaar te bring. Vir die Vlaamse regering was dit belangrik dat daar gelyke geleenthede gegee word aan mans en vroue.[33] Die Vlaamse regering het in 2006 besluit om R60 miljoen vir twee reuse-projekte van die Vrystaatse premier te bewillig. Die geld sou vir werkskepping en MIV/vigs-opvoeding in dié provinsie gebruik word.[34]

Die Vlaamse minister van Kultuur, Jeug en Sport, Bert Anciaux, het in Mei 2007 'n samewerkingsakkoord met Suid-Afrika onderteken. Die samewerking het betrekking gehad op die uitbou van vier plaaslike gemeenskapssentra in Gauteng, Vrystaat, KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap. Die fokus was op

30 "Editorial", *Flanders*, September 2000, p. 3.
31 "Vlaandere versterk bande met SA", *Die Burger*, 29 Oktober 1996.
32 "Verdrag oor gesondheid met Vlaandere onderteken", *Die Burger*, 5 Oktober 1996; "SA en Vlaandere sluit samewerkingsooreenkomste", *Beeld*, 4 Maart 1998.
33 "Vlaandere belê in Afrika", *Beeld*, 6 November 2003.
34 "VS-projekte kry R60 m. van Vlaandere", *Volksblad*, 27 Julie 2006; F Judo, "Zelfportret met springbokken…", SW Couwenberg (red.), *Apartheid, Anti-apartheid, Post-apartheid…*, pp. 116-118.

jongmense, die kunste, kultuur en sport. Minister Anciaux het 'n jaarlikse bedrag van 1 miljoen euro daarvoor bewillig. Hy het dit beklemtoon "dat duurzame relaties, zeker op internationaal niveau, gebouwd worden op wederzijds respect, op leren van elkaar en gezamenlijk investeren."[35] Hierdie samewerkingsprojek het gegeld vir die tydperk 2007-2009.

Neerlandistieke kongresse spieël SA-Belgiese verhoudinge

Die politieke klimaatsverandering en transformasie ná 1990, en veral ná 1994 in Suid-Afrika, het ook binne die Neerlandistiek groot veranderinge teweeggebring. Nuwe inisiatiewe is geloods wat die posisie van Afrikaans in Vlaandere en van Nederlands in Suid-Afrika op 'n stewiger grondslag sou plaas. Groter kulturele kruisbestuiwing en wisselwerking op velerlei terreine het ingetree. Wetenskaplike kontakte kon weer opgeneem word na die beëindiging van die kulturele boikot.[36]

Die Verdrag tussen België en Nederland insake die Nederlandse Taalunie is op 9 September 1980 te Brussel onderteken. Die doel van die Taalunie is "om op het gebied van de Nederlandse taal en letteren te komen tot een integratie van Nederland en de Nederlandstalige gemeenschap van België."[37]

Die Nederlandse Taalunie het in 1994 'n bedrag van R800,000 per jaar vir drie jaar beskikbaar gestel om die Neerlandistiek in Suid-Afrika te bevorder. Fondse is onder meer beskikbaar gestel vir die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN) se vaktydskrif, *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 'n biblioteeksubsidie aan universiteite, die uitruiling van studente en dosente, studiebeurse, die vestiging van twee kennissentrums, die aanbied van werkswinkels, kursusse en kongresse.[38]

Die verhouding Afrikaans/Nederlands het sedert 1990 by verskeie kongresse onder die soeklig gekom. Die Elfde Colloquium Neerlandicum, aangebied deur die Internationale Vereniging voor Neerlandistiek (IVN), is in Augustus

35 "Berts Nieuwsbrief, Junie 2007" (available at: http://www.ministeranciaux.be, as accessed on 14 June 2007); Vlaamse steun voor Zuid-Afrika", *De Standaard*, 13 Junie 2008.

36 D van Zyl, "Nederlands in Suid-Afrika – Ou-ou tyding of nuwe lente?", *Ensovoort*, Nr. 1, 1995, pp. 71-78; D van Zyl, "Neerlandistiek maak deure oop", *Die Burger*, 26 September 1995.

37 *Keesings Historisch Archief*, 19 September 1980, pp. 603-604; "The Language of Flanders and the Netherlands", *Flanders*, September 2000, pp. 20-24; O Vandeputte, *Nederlands: Het verhaal van een taal* (Rekkem, Stichting Ons Erfdeel, 1997), pp. 36-40.

38 "Nederlandse Taalunie skenk ruim om bande te versterk", *Die Burger*, 10 Mei 1994; "Nederlanders hier om hul taal te bevorder", *Beeld*, 25 November 1994.

1991 te Utrecht gehou. Dit was die eerste sodanige kongres wat Suid-Afrikaanse akademici op uitnodiging kon bywoon.[39] Die Vlaamse Raad het in Oktober 1991 'n internasionale colloquium in Brussel georganiseer met as tema *Nederlands in de Wereld.* Deelnemers uit nege lande het dit bygewoon, naamlik Nederland, Vlaandere, Suriname, Nederlandse Antille, Aruba, Suid-Afrika, Namibië, Indonesië en Noord-Frankryk. Moontlikhede is ondersoek vir 'n nouer samewerking op kulturele en taalkundige gebied.[40]

In Junie 1992 is 'n kongres oor *Taal en Identiteit: Afrikaans en Nederlands* in Leiden gehou. Interessante parallelle is getref tussen die posisie van Nederlands in die Europese Unie en Afrikaans in die nuwe Suid-Afrika.[41] In Januarie 1994 is 'n belangwekkende internasionale kongres in Amsterdam gehou met as tema *Afrikaans in een veranderende context*. Dié kongres wat gereël is deur die IVN, het die taalkundige en letterkundige aspekte van Afrikaans onder die loep geneem: "Het Amsterdamse congres bood een internationaal podium voor het Afrikaans en zijn veelkleurige cultuur", aldus dr. Hans Ester van die Universiteit Nijmegen.[42]

'n Tweede internasionale colloquium oor *Nederlands in de Wereld* is in Maart 1994 onder beskerming van die Vlaamse Raad in Brussel gehou. Dit het gefokus op die Nederlands- en Afrikaanstalige media. Die posisie van Nederlands en Afrikaans in die media van die lande waar die tale gepraat word, is ontleed. Groter samewerking is bepleit tussen dié betrokke lande, onder meer die wedersydse uitruiling van TV-programme.[43] Die satelliet-televisieprojek *Het Beste van Vlaanderen en Nederland* (BVN) is in 1998 geloods. Die BVN-televisiekanaal is sedert 2002 vir Suid-Afrikaanse kykers op DStv beskikbaar.[44]

39 "Wie wil nou nog de taal van de blanken studeren?", *Trouw,* 31 Augustus 1991; *Ons Erfdeel*, September-Oktober 1992, p. 621.

40 *Nederlands in de Wereld: Het Verslagboek* (Brussel, Vlaamse Raad, 1991); D van Zyl, "Mooi woorde – nou graag dade", *Zuid-Afrika*, November/Desember 1991, p. 195; "Een aanzet tot dialoog", *Neerlandia*, Desember 1991, pp. 179-181.

41 V February (red.), *Taal en Identiteit: Afrikaans en Nederlands* (Kaapstad, Tafelberg, 1994); G Keyser, "Leidse kookpot van taal- en letterkundigen", *Zuid-Afrika*, Julie/Augustus 1992, pp. 131-132; J van der Elst, "Bydraes draai om vier taaltemas", *Beeld*, 19 Junie 1995.

42 H Ester, A van Leuvensteijn (reds.), *Afrikaans in een veranderende context* (Amsterdam, SA Instituut, 1995); A van Niekerk, "Neerlandici onseker oor toekoms van taal", *Afrikaans Vandag*, Maart 1994, p. 11; G Keyser, "Unieke kongres bepleit bande tussen Dietse tale", *Die Burger*, 27 Januarie 1994.

43 *Ons Erfdeel*, September-Oktober 1994, pp. 620-621; G Keyser, "Kulturele TV-uitruiling bepleit", *Die Burger*, 20 April 1994.

44 E Britz, "Só leer ons deesdae Europese familie op televisie ken", *Die Burger*, 15 April 2002; "The best of Flanders and the Netherlands", *Flanders*, September-November 2004, pp. 16-19.

Internasionale Neerlandistiekkongresse het ook ná 1990 gereeld in Suid-Afrika plaasgevind. Die kongres wat in Januarie 1992 by die Potchefstroomse Universiteit aangebied is, was van besondere betekenis. Dit is nie alleen gesubsidieer deur die Nederlandse Taalunie nie, maar dit is ook bygewoon deur sowat 22 buitelandse Neerlandici. Hulle was afkomstig van Nederland, België, Pole, Hongarye, Joego-Slawië, Frankryk, Amerika en Namibië. Die akademiese boikot was beslis nou iets van die verlede.[45] Die vyfde hoofkongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging (ALV) is in Oktober 1992 op Stellenbosch gehou. Die tema van die kongres was "Afrikaans reik uit". 'n Beduidende getal buitelandse Neerlandici het referate gelewer.[46] 'n Internasionale Neerlandistiekkongres is in Augustus 1993 in Umhlanga gehou. Neerlandici uit 10 lande het ook deelgeneem aan die SAVN se kongres in Bloemfontein in Augustus 1995.[47]

Besoeke van skrywers/digters

Een van die projekte wat in 1996 deur die Nederlandse Taalunie en Poetry International (Rotterdam) in Suid-Afrika onderneem is, was die "Rondreis Nederlandse en Vlaamse Schrijvers", wat gedurende Maart en April plaasgevind het. Vier Nederlandse en vier Vlaamse skrywers/digters het Suid-Afrika vir twee weke lank besoek. Die Vlaminge was Geertrui Daem, Herman de Coninck, Geert van Istendael en Eddy van Vliet. Die groep skrywers het voorleesfeeste, lesings en werkswinkels in Pretoria, Johannesburg, Kaapstad en Durban aangebied. Hulle het ook op die hoofprogram van die Klein Karoo Nasionale Kunstefees op Oudtshoorn opgetree. Hierdie besoek is allerweë as 'n bevrydende gebeurtenis beskou, want vanweë die kulturele boikot was dit nie voorheen moontlik nie.[48] Die gewilde Vlaamse digter Herman de Coninck het Suid-Afrika by drie geleenthede besoek. De Coninck, wat in

45 D van Zyl, "Nuwe saamstappad gebou vir Afrikaans en Nederlands", *Die Burger*, 8 Februarie 1992; L Nas, "Eerste Neerlandistiek congres in Zuid-Afrika na boycot", *Zuid-Afrika*, Maart 1992, pp. 57-58; *Ons Erfdeel,* September-Oktober 1992, pp. 621-622.

46 E Britz, "Afrikaans verken as 'ander land'," *Die Burger*, 3 Oktober 1992; JC Kannemeyer, "Buitelanders stel baie belang in Afrikaans", *Beeld*, 22 Oktober 1992; D van Zyl, "Afrikaans reik uit", *Zuid-Afrika*, November/Desember 1992, pp. 194-195.

47 L Spies, "SA en Nederlande se nuwe kontak verbly", *Beeld*, 25 November 1993; I Glorie, "Taalkongres wat na twee kante sny", *Die Burger*, 9 Augustus 1995.

48 "Rondreis Nederlandse en Vlaamse skrywers", *Ensovoort,* Nr. 1, 1996, pp. 3-8, 17-22; F Galloway, "'n Dietse omhelsing", *Vuka SA*, Maart 1996, pp. 24-26.

1997 oorlede is, het Suid-Afrika in 1996 weer besoek vir die bekendstelling van sy digbundel *Liefde, miskien*, wat deur D Hugo in Afrikaans vertaal is.[49]

Ses Afrikaanse skrywers het 'n twee weke lange literêre rondreis in November en Desember 1997 in Nederland en Vlaandere onderneem. Die skrywers was Etienne van Heerden, Marita van der Vyver, Wilma Stockenström, Marlene van Niekerk, Peter Snyders en EKM Dido. Sover bekend was dit die eerste keer dat so 'n groot groep Afrikaanse skrywers op 'n georganiseerde wyse die Lae Lande besoek het. Dié besoek is ook deur die Nederlandse Taalunie georganiseer. Benewens besoeke by universiteite (lesings voor studentegehore) het die skrywers ook werkswinkels aangebied en uit hul eie werk voorgelees. Dié reis het op EKM Dido 'n groot indruk gemaak. Sy vertel dat die Vlaminge die groep verwelkom het "soos verlore kinders wat die pad terug gevind het."[50]

Afrikaanse skrywers en digters is al ou bekendes in die Lae Lande met hul optredes voor 'n verskeidenheid van gehore. In 2004, byvoorbeeld, het Breyten Breytenbach opgetree by 'n internasionale poësiefees in Brugge en die digter-sanger Gert Vlok Nel by 'n woordfees in Antwerpen.[51] Antjie Krog het ook talle literêre voorlesings in Vlaandere gehou.

Prof. Ernst van Heerden, bekende Afrikaanse digter en akademikus, se uitgebreide poësieversameling maak sedert 1998 'n deel uit van die grootste poësieversameling in die Nederlandse taalgebied. Die Ernst van Heerden-versameling van Afrikaanse poësie het toe 609 Afrikaanse bundels, bloemlesings en kritiese werke bevat. Hierdie versameling is op 27 November 1998 in Gent amptelik aan die Poëziecentrum oorgedra. Die Poëziecentrum het die versameling as 'n "nuwe verruiming" beskou wat "die venster na die nie-Europese poësie open."[52]

Die Afrikaanse skrywer/digter R Scheepers was oor die jare heen 'n ou bekende in Vlaandere. Sy was in 1996 gas by die alternatiewe Boekebeurs (Het Andere Boek) in Antwerpen en in 1997, 1998 en 2003 gas van die Antwerpse Boekebeurs. In Maart 2000 was sy as die gas van die kultuurvereniging,

49 D Hugo, "Geliefde De Coninck sterf nes in sy sardoniese gedig", *Die Burger*, 24 Mei 1997.

50 G Keyser, "Sestal skrywers besoek Lae Lande", *Die Burger*, 30 Oktober 1997; G Keyser, "'Oordosis' maak nog steeds vriende", *Die Burger*, 20 Desember 1997; EKM Dido, "'n Reis van selfontdekking", *Afrikaans Vandag*, Maart 1998, p. 15.

51 "De ongrijpbare dichter", *De Standaard*, 2 September 2004.

52 W Carstens, "Afrikaanse poësiebron vir Lae Lande", *Afrikaans Vandag*, Maart 1999, p. 7; G Keyser, "Nuwe 'diamant' skitter nou in Vlaandere", *Die Burger*, 28 November 1998.

Geletterde Mensen, saam met die Vlaamse skryfster van jeugboeke Anne Provoost op 'n uitgebreide voorlesingtoer in Vlaandere.[53] Scheepers was die enigste Afrikaanse digter wat uitgenooi is om op 9 Julie 2002 deel te wees van die Vlaamse parlement se 30-jarige herdenking waartydens 24 digters vanuit die Nederlandse taalgebied hul poësie in die parlement voorgelees het.[54] Haar Afrikaanse bloemlesing, wat sy saam met die Vlaamse letterkundige, Jooris van Hulle, saamgestel het, *Verstaan my verlangste: 100 liefdesgedichten in het Afrikaans*, is in 2003 in Vlaandere bekendgestel. Jooris van Hulle het in 2003 ook haar digbundel "Met die taal van karmosyn" in Nederlands vertaal.[55] Sy is een van die mees gelese Afrikaanse skrywers in Vlaandere.

Sewentig Afrikaanse, Nederlandse en Vlaamse digters het gedigte bygedra tot die bundel "Ons klein en silwerige planeet" wat in 1997 verskyn het. Hierdie digbundel oor die omgewing is saamgestel deur Johann Lodewyk Marais en Ad Zuiderent. Dit is die eerste publikasie waarin tekste in Afrikaans en Nederlands onvertaald en sonder woordverklarings opgeneem is.[56] Twee jaar vroeër, in 1995, het die digbundel *Ik heb het woord gezocht* (Concept: Hilversum) verskyn. Sover bekend was dit die eerste keer dat werk van digters uit Nederland, Vlaandere, Suid-Afrika, Namibië, Suriname en die Nederlandse Antille saam in 'n bundel gepubliseer word.[57]

Nederlandstaliges het Afrikaans as taal na 1990 weer opnuut ontdek. Die Afrikaanse literatuur was egter vir hulle, onder meer vanweë die kulturele boikot, grootliks 'n onbekende faktor. Daarby was die vorige oorsigte vir Nederlanders en Vlaminge oor die Afrikaanse letterkunde sterk verouderd. Eep Francken van Leiden en Luc Renders van Hasselt se literatuurgeskiedenis wat in 2005 verskyn het, "Skrywers in die strydperk", voorsien dus in 'n groot behoefte.[58] Hierdie werk bied interessante perspektiewe "van buite." Dit gee vir Nederlandse lesers die nodige sosiale, historiese en literêre konteks by die lees van Afrikaanse literatuur. Daar word ook sterk gefokus op die sosiale betrokkenheid van die Afrikaanse skrywers.[59]

---

53 H Ester, "Scheepers verovert Vlaanderen", *Zuid-Afrika*, Junie 2000, p. 81.

54 "Vlaams parlement promoot poëzie", *De Standaard*, 9 Julie 2002.

55 "Woorden als kersen", *De Standaard*, 26 Februarie 2004; Persoonlike mededeling, J van Hulle aan HO Terblanche, 10 Junie 2008.

56 "Nederlandse en Afrikaanse poëzie over natuur en milieu", *Zuid-Afrika*, Julie/Augustus 1997, p. 134; M Hattingh, "Ekologie laat digters hande vat", *Insig*, Oktober 1997, p. 33.

57 G Keyser, "Dié gesamentlike bundel 'n eerste", *Beeld*, 5 Julie 1995.

58 E Francken en L Renders, *Skrywers in die strydperk: Krachtlijnen in de Zuid-Afrikaanse letterkunde* (Amsterdam, Bert Bakker, 2005).

59 Z Bezuidenhout, "Nederlandse boek bied puik aanvulling", *Die Burger*, 22 Julie 2006; C van der Merwe, "E Francken en L Renders: Skrywers in die strydperk" (available at: http://www.litnet.co.za/seminaar/skrywers_

Kunstefeeste en sangers

Besoekers by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) in Oudtshoorn het al sedert ca. 1996 daaraan gewoond geraak dat Nederlandse/Vlaamse produksies deel van die feesprogram is. Te oordeel aan die entoesiastiese reaksie van gehore was dit duidelik dat die taalverskille tussen Afrikaans en Nederlands nie juis 'n kommunikasieprobleem opgelewer het nie. In die woorde van R Scheepers: "By 'n fees wat onbeskaamd Afrikaans is, is Nederlands 'n belangrike deel van ons geskakeerde taalwêreld".[60]

Die Vlaamse regering het Suid-Afrika in 2001 as 'n "doelland" op kulturele gebied beskou. Dié kulturele inspuiting het op 'n hoë noot afgeskop met altesame tien produksies ('n keur van Vlaamse musiekteater) wat by De Vlaamse Tent by die KKNK aangebied is. Volgens Yves Wantens, verteenwoordiger van die Vlaamse regering in Suid-Afrika, het sy regering met daardie doel voor oë heelwat meer geld beskikbaar gestel. Benewens die aanbied van produksies, sou van die besoekende kunstenaars ook slypskole aanbied. 'n Uitruilprogram is ook in die vooruitsig gestel. Die KKNK wat in April 2001 aangebied is, was 'n besondere fees omdat die "crème de la crème" van Vlaamse kunstenaars daar opgetree het.[61]

Die Afrikaanse Woordfees op Stellenbosch, met 'n sterk literêre inslag, vind jaarliks in Maart plaas. Dié fees het nog altyd 'n sterk Nederlandse en Vlaamse teenwoordigheid gehad. Vlaamse skrywers/digters is al 'n instelling by dié fees.[62] Vlaamse musiekgroepe het ook al hul teenwoordigheid laat geld by die Aardklop-fees in Potchefstroom en die Oppikoppi-rockfees naby Thabazimbi in die Bosveld. Daar bestaan juis 'n internasionale uitruilprogram tussen Oppikoppi en die Pukkelpop-musiekfees in België.[63]

Ralph Rabie, beter bekend as Johannes Kerkorrel, het as rebelse Afrikaanse sanger 'n beduidende rol gespeel om brûe tussen die Nederlandse taalgebied en Suid-Afrika te bou. Deur sy sang het hy 'n bydrae gelewer om Afrikaans te bevry van die persepsie dat die taal die eksklusiewe eiendom van wit Afrikaners was. Hy het in Nederland en België 'n nuwe waardering vir

strydperk.asp, as accessed on 4 September 2005).

60 R Scheepers, "Voëls van enerse vere", *Bylae by Nasionale Koerante*, 7 Februarie 1998.

61 "Meer Vlaamse geld gegee vir SA kuns", *Rapport*, 4 Maart 2001; "De Vlaamse Tent", *De Kat*, April 2001, pp. 30-36.

62 "Afrikaans kry 'twee hele letterkundes byna pasella'", *Die Burger*, 20 Februarie 2002; "Woordfees wys weg met 'glokalisering'", *Die Burger*, 14 Maart 2006.

63 "Om hulle te verstaan sal dalk 'n tydjie vat", *Die Burger*, 29 September 2000; "Belg en Roof se rock-uitruilprogram op dreef", *Die Burger*, 21 April 2006.

Afrikaans gekweek. Hy het veral in die jare 1990-1994 'n huishoudelike naam in België geword en is genooi om by Vlaamse en Nederlandse feeste op te tree, onder meer by die prestige-ryke Dranouter-fees. In 1994 tree hy saam met voorste Nederlandse en Vlaamse groepe in die Antwerpse Sportpaleis op voor 14 000 mense. Kerkorrel het die Vlaams/Nederlandse kunstenaar Stef Bos in 1991 in Antwerpen ontmoet. Dit was die begin van 'n jarelange persoonlike en professionele verbintenis. Hulle neem in 1993 *Awuwa/Zij wil dansen* (saam met Thandi Klaasen) op. Dié lied het die verbeelding aangegryp en 'n treffer geword in Suid-Afrika en die Benelux-lande.[64]

Stef Bos, wat in Nederland en België naam gemaak het as sanger en kabaretkunstenaar, het Suid-Afrika in 1992 vir die eerste keer besoek. Hy het op 'n gereelde basis na Suid-Afrika teruggekeer vir optredes. Hy het op Suid-Afrika verlief geraak "soos 'n jong man op 'n meisie verlief raak … De land is niet meer vreemd vir mij." As hy in Suid-Afrika is, voel dit vir hom of hy tuis is. Hy het ook 'n besondere sagte plek ontwikkel vir Afrikaans: "Die pragtige ding van Afrikaans is die geweldige verbeeldingskrag daarvan … Die taal is bloemryk." Hy is dan ook nie bekommerd oor die oorlewing van Afrikaans nie. Volgens hom word die taal nie verdring nie, veral omdat miljoene bruin mense Afrikaans praat. Afrikaans is 'n lewenskragtige en kreatiewe taal wat hom daagliks vernieu.[65]

Die gewilde Belgiese sangeres, Dana Winner, het Suid-Afrika in 1998 vir die eerste keer besoek. Sedertdien het sy feitlik elke jaar in Suid-Afrika opgetree. Suid-Afrika is dan ook een van haar gunsteling-plekke en sy beskou die land steeds as haar "tweede tuiste." Die feit dat sy ook liedjies in Afrikaans opgeneem het, het bygedra tot haar gewildheid. Teen 2008 het sy reeds sowat 400 000 albums in Suid-Afrika verkoop.[66]

G Keyser, wat in die 1990's "Die Burger" se korrespondent in Amsterdam was, het in 1994 opgemerk: "Onder apartheid was Afrikaans, en diegene wat die taal in hul kuns gebruik het, duidelik taboe in die Nederlandse taalgebied in Europa … 'n Meer ontvanklike houding in Nederland en België teenoor Suid-Afrika (ná 1990) het 'n belangstelling hier in Afrikaans geskep. Die

64 W Pretorius, *Kerkorrel* (Kaapstad, Tafelberg, 2004), pp. 12-14, 55-62, 78-91; "JK se musiek leef voort", *Taalgenoot,* Januarie 2003, pp. 20-21.

65 "Stef Bos en de macht van de muzik", *Die Taalgenoot*, Junie 2000, pp. 6-7; "Stef Bos is al deel van Afrikaanse musiekkultuur", *Volksblad*, 3 Oktober 2003; "Klip in die bos", *Taalgenoot,* April 2004, pp. 17-19; "Bos pak reis met oorgawe aan", *Die Burger*, 13 September 2005.

66 "SA laat haar skitter", *Sarie*, April 2003, pp. 32-35; "Dana Winner steeds lief vir SA", *Rapport*, 24 Februarie 2008; "Mooi SA is sommer 'sharp sharp'!" *Huisgenoot*, 10 April 2008, pp. 120-121.

toenadering tussen die twee tale word al hoe meer as natuurlik beskou."[67] Stef Bos het dan ook vertel dat die idee om saam met Johannes Kerkorrel 'n lied te skryf, ontstaan het uit die behoefte om Afrikaans en Nederlands saam te voeg: "Dit was spontaan …"[68]

Afrikaanse musiek het dus 'n (her)intrede in die Lae Lande gemaak. Afrikaanse sangers en kunstenaars soos Jannie du Toit, Christa Steyn, Coenie de Villiers, Lucas Maree, Laurika Rauch, Rina Hugo en Karin Hougaard het Afrikaanse musiek meer bekend gemaak in België. Die Afrikaanse liriek uit Afrika was vir die Nederlandstaliges 'n nuwe eksotiese ervaring.[69] 'n CD met 27 gewilde Suid-Afrikaanse volksliedjies, uitgevoer deur Vlaamse kunstenaars, het in 1990 in Vlaandere verskyn. Die oogmerk was om nuwe belangstelling op te wek vir die (Suid-) Afrikaanse volksliedjies.[70]

Boekenbeurs voor Vlaanderen

Die Afrikaanse boek het in die dekade of so voor 1990 min blootstelling in België geniet. Trouens, Afrikaans as taal het as gevolg van die kulturele boikot baie veld verloor in die Lae Lande. Die 45ste Frankfurter Buchmesse het van 6 tot 11 Oktober 1993 plaasgevind. Hierdie boekebeurs word beskou as een van die belangrikste in die wêreld. Die oppervlakte wat die beurs beslaan, is sewemaal groter as dié van die Antwerpse Boekenbeurs.

Afrikaans het in 1993 deel uitgemaak van die Nederlandse en Vlaamse literêre tentoonstelling op die Frankfurtse boekebeurs. Die Nederlandse taalgebied, as één taalgemeenskap, het die swaartepunt gevorm op dié boekebeurs. Die oorkoepelende tema was: "Nederland en Vlaanderen: midden in de wereld." Een van die vyf temas was: "Het Nederlands in de wereld." Afrikaanse skrywers en uitgewers het meegedoen "omdat het Afrikaans een verwante taal is." Op die boekebeurs is Afrikaans amptelik as 'n "dogtertaal van Nederlands" bestempel.[71]

67 G Keyser, "In 'n nuwe lig", *De Kat*, April 1994, pp. 46-49.
68 "Stef Bos staan met die een voet in Europa, die ander een in Afrika", *Die Burger*, 24 Mei 1996.
69 G Keyser, "In 'n nuwe lig", *De Kat*, April 1994, pp. 46-49; "Belge gek na Karin se sang", *Rapport*, 10 April 2005.
70 "Zuidafrikaanse volksliedjies op CD", *Beelden*, Julie/Augustus 1990, p. 11.
71 "Zuid-Afrika doet mee aan Buchmesse '93", *Trouw*, 18 Junie 1992; "Afrikaanse suster kom terug na Nederlandse familielede", *Die Burger*, 15 April 1993; "Nederland en Vlaanderen samen op de Frankfurter Buchmesse", *Kultuurleven*, September 1993, pp. 86-89.

Die 61ste Boekenbeurs voor Vlaanderen, georganiseer deur die Vereniging ter Bevordering van het Vlaamse Boekwezen (VBVB), het van 31 Oktober tot 11 November 1997 in Antwerpen plaasgevind. Dit is die grootste boekebeurs in die Lae Lande en die oudste boekebeurs in Europa. Naas die een in Frankfurt is dit ook die grootste in Europa. Daar was meer as 400 uitstallers en 168 000 besoekers. Suid-Afrika was vir die eerste keer die temaland vir die boekebeurs. Luc Demeester, voorsitter van die VBVB, het daarop gewys dat die fokus van die boekebeurs nie op Afrikaans sou val nie, maar eerder op die veeltalige situasie in Suid-Afrika. Tog het Afrikaanse boeke besonder goed verkoop.

Digter-premier Mathews Phosa van Mpumalanga wat die boekebeurs op 30 Oktober 1997 geopen het, se digbundel, *Deur die oog van 'n naald* 'n is binne 'n halfuur uitverkoop. In 'n onderhoud het hy die taalverbintenis van Afrikaans met Europa beklemtoon: "Ons moet onsself nie toesluit nie; kontak met Europa gee Afrikaans die kans om te groei." Twee temadae is volledig aan Suid-Afrika gewy en die land is spesifiek in die kollig geplaas tydens debatte en paneelbesprekings oor taal, identiteit en letterkunde. 'n Aantal vooraanstaande Afrikaanse en Suid-Afrikaanse akademici, skrywers, taalpolitici en kultuurwoordvoerders het aan die besprekings deelgeneem.[72]

Francis Galloway van JL van Schaik Uitgewers het opgemerk dat die boekebeurs 'n klinkende sukses vir die Afrikaanse boek was. Die bruisende belangstelling van die media en die publiek het haar opgeval: "Vir die Suid-Afrikaanse boekebedryf was dit die oopstoot van 'n venster op 'n boeklandskap wat byna vasgeroes het."[73] Dr. Karel Prinsloo, direkteur van die Stigting vir Afrikaans, het ook verklaar dat die boekebeurs in Vlaandere "tot 'n geweldige nuwe belangstelling in Afrikaans gelei het."[74]

Ten spyte van die opwinding veroorsaak deur die boekebeurs, is daar weinig Afrikaanse boeke beskikbaar in Vlaamse boekhandels en biblioteke. Die kulturele boikot van die jare tagtig het sy letsels gelaat. Die gewone koper stel nie belang in Afrikaans nie. Die bekende Afrikaanse uitgewer,

72 "Suid-Afrikaanse taalbestel kry fokus op Belgiese boekebeurs", *Die Burger*, 22 Julie 1997; G Keyser, "Ons moet onsself nie toesluit; kontak met Europa gee Afrikaans kans om te groei", *Die Burger*, 8 November 1997; G Keyser, "Glansryke hoofrol vir Afrikaanstalige poësie", *Zuid-Afrika*, November/Desember 1997, p. 195; "Afrikaanse boeke verkoop soos soetkoek", *Die Taalgenoot*, Januarie-Februarie 1998, pp. 4-5, 18.

73 F Galloway, "Afrikaans sit aan by Vlaamse boekefees", *Die Burger*, 4 Maart 1998.

74 "Medewerker van die Boekebeurs in Vlaandere", *Afrikaans Vandag*, Desember 1997, p. 5; "Vir Afrikaans kom staan mense in tou", *Die Burger*, 19 November 1997; E Botha, "Produktiewe aksies moet daaruit voortkom", *Afrikaans Vandag*, Maart 1998, p. 4.

Koos Human, het in 1994 verklaar dat die belangstelling in Afrikaans in die Nederlandse taalgebied 'n bietjie oordryf word. Volgens hom is daar maar 'n handjievol Nederlandssprekendes wat Afrikaanse boeke sal wil koop: "Die meeste Nederlanders het tot hul beskikking, naas 'n ontsaglike produksie van boeke in hul eie taal, ook 'n stroom boeke in Engels, Duits en Frans, tale wat die meeste van hulle met groter gemak kan lees as Afrikaans."[75]

'n Verdere probleem is dat die twee tale te ver uitmekaar gegroei het. Afrikaans word steeds moeiliker vir Nederlandstaliges. Riet de Jong-Goossens, wat talle Afrikaanse boeke reeds in Nederlands vertaal het, wys daarop dat die "Nieuwe Afrikaans in het Nieuwe Zuid-Afrika zo ver van het Nederlands af staat dat je er heel veel goede wil en energie voor over moet hebben om het boek te begrijpen." Vandaar haar stelling: "De gewone koper heeft geen belangstelling voor onvertaalde Afrikaanse literatuur. Zelfs weinig voor vertaalde. Helaas."[76] Daarby het die deursnee Vlaming nie 'n eerstehandse kennis van die Afrikaanse letterkunde nie. Dit geld veral vir die jeug. Daar is wel 'n groeiende belangstelling in Suid-Afrika in Vlaandere, maar dit beteken nie opsigself dat Afrikaanse boeke meer kopers en lesers sal lok nie. Die beskikbaarheid van Afrikaanse boeke in Vlaandere bly 'n komplekse aangeleentheid waarvoor daar geen kitsoplossings bestaan nie.[77]

Afrikaans word bevorder

'n Stewige begin in Vlaandere

Sedert 1990 is reeds veel gedoen om die onderrig van Afrikaanse taal- of letterkunde op tersiêre vlak in Vlaandere te bevorder. Prof. Marcel Janssens, hoogleraar Nederlandse en Europese Literatuur aan die Katholieke Universiteit Leuven, het in 1993 gemeld dat gasdosente uit Suid-Afrika al 'n paar keer aan die KU Leuven 'n keusevak Afrikaans aangebied het "met een heel dankbaar respons vanwege de studenten."[78] Prof. J van der Elst het byvoorbeeld in die tweede semester van 1993 lesings oor Afrikaanse letterkunde gehou. Prof. Henriëtte Roos van Unisa het in 1995 as gasdosent vir vier maande 'n intensiewe kursus in hedendaagse Afrikaanse prosa aan die KU Leuven

75 "Aspekte van die Afrikaanse boek se pad", *Die Burger*, 26 Mei 1994.
76 "Lesers sê of Afrikaanse boeke kan oorplant", *Afrikaans Vandag,* Oktober 1995, pp. 10-11.
77 "Kan Afrikaanse boeke Benelux kopers lok?" *Afrikaans Vandag*, Julie 1995, pp. 1-2; "Enkele gedagtes oor Afrikaans in die vreemde", *Afrikaans Vandag*, Junie 1996, p. 16; "Vlaming wil ons boeke in sy land bevorder", *Die Burger*, 23 November 1996.
78 M Janssens, "Cultuurpolitieke relaties met Zuid-Afrika", *Kultuurleven*, Oktober 1993, p. 74.

aangebied. Sy het gevind dat die studente gretig was om die tekste in die oorspronklike vorm te lees.[79] Prof. Hennie van Coller van die Universiteit van die Vrystaat het in 1995/96 altesaam 74 studente in sy klas gehad wat die nuwe semesterkursus in Afrikaanse taal- en letterkunde vrywillig geneem het.[80] Dr. Heinrich Grebe van die Universiteit van Pretoria het in Februarie tot Mei 2002 as gasdosent 'n kursus in Afrikaanse Taalkunde aan Licentiaat-studente in hulle derde of vierde jaar aangebied. Afrikaans was geen versperring vir die Vlaamse studente nie en die lesings is op versoek in Afrikaans aangebied.[81]

Die Universiteit Antwerpen (UA) se Sentrum vir Taal en Spraak bied sedert 1994 Afrikaans as keusevak aan binne die Afdeling Germaanse tale. 'n Senior Suid-Afrikaanse diplomaat by die ambassade in Brussel, mnr. Quintus van der Merwe, het deeltyds as eerste dosent opgetree. Dr. Kris van de Poel van die Sentrum het haar sterk beywer vir 'n wisselwerking tussen Vlaamse en Afrikaanse universiteite. Studente-uitruiling tussen die UA en die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus het intussen beslag gekry. Proff. W Carstens van Potchefstroom en Luc Renders van Hasselt het in dié verband 'n sleutelrol gespeel. Prof. Renders het dan ook jaarliks in Julie 'n kursus in die Afrikaanse taal- en letterkunde aangebied. Sedert 2006 word daar elke semester 'n kursus Afrikaanse taal- of Afrikaanse letterkunde by die UA aangebied.[82] Die Universiteit Gent het ook in 2007 begin met 'n kursus in Afrikaans. Prof. Rufus Gouws van Stellenbosch is genooi om die openingslesing te gee. Meer as 80 studente het vir die kursus opgedaag.[83]

Prof. Luc Renders van die Limburgs Universitair Centrum, Diepenbeek-kampus in Hasselt het vanaf 1999 'n jaarlikse seminaar, afwisselend oor die Afrikaanse taal- of letterkunde, aangebied. Vanaf 29 Maart tot 3 April 1999 is 'n Seminarie Afrikaanse Taalkunde vir die eerste keer te Diepenbeek aangebied. Daar was 20 sessies en proff. R Gouws en F Ponelis van Stellenbosch was daarvoor verantwoordelik. Die doelgroep was dosente en gevorderde studente. Die 18 kursusgangers was 'n diverse, veeltalige en multikulturele groep uit Duitsland, Pole, Vlaandere, Nederland, Italië, Rusland en Amerika. Prof. Renders het gewys op 'n wêreldwye belangstelling vir Afrikaans wat sterk aanmoediging verdien. Hierdie jaarlikse seminaar was 'n groot sukses en het

79 "Kan Afrikaanse boeke Benelux kopers lok?" *Afrikaans Vandag*, Julie 1995, p. 2.
80 H van Coller, "Afrikaans strek sy vleuels wêreldwyd", *Die Taalgenoot*, Mei 1998, pp. 10-11.
81 Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek, *Nuusbrief*, 2002.
82 "Afrikaanses moet nie met tjor tevrede wees, sê Vlaming", *Die Burger*, 16 Junie 1995; SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, *Nuusbrief*, Maart/Junie 2005 en Maart 2008.
83 SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, *Nuusbrief*, Maart 2008.

in ’n groot behoefte voorsien. Die vyfde Seminarie Afrikaanse Taalkunde is in Julie 2007 aangebied en die vyfde Seminarie (Zuid-) Afrikaanse Letterkunde in Julie 2008.[84]

Volgens prof. Renders het die gesindheid in die buiteland jeens Afrikaans na 1994 geweldig verander: “Jy voel nie meer dat daar ’n weerstand is wat oorkom moet word nie.” Sy vrou Vera het ’n onderneming gehad, Gramadoelas, wat Afrikaanse boeke invoer en verkoop, “en dit is vir haar en vir my geweldig belangrik om die boeke waaroor ons praat en skryf, wel beskikbaar te hê vir die publiek om te kan lees.”[85] Gramadoelas het tot 2009 in ’n groot behoefte voorsien vanweë die tekort aan oorspronklike Afrikaanse boeke in Nederland en België.

Owerheidssteun prominent

Mnr. Ludo Helsen, die eerste gedeputeerde verantwoordelik vir kulturele erfgoed en monumentesorg van die provinsie Antwerpen, het Suid-Afrika in 2005 besoek op uitnodiging van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV). Hy het die belangrikheid beklemtoon dat wanpersepsies oor Suid-Afrika deur kontak afgebreek moet word: “Die uiteindelike doel is dat Vlaandere en Suid-Afrika mekaar beter leer ken.” Samewerking op verskillende vlakke moet ook bevorder word. Volgens Helsen is die samewerking wat die provinsie Antwerpen met die Vrystaat en die ATKV het, voorbeelde van sulke inisiatiewe. Die Vlaamse regering het byvoorbeeld met die hulp van die Universiteit van die Vrystaat [UV] ’n tolkprojek in Welkom begin. Dié projek van die stadsraad was die eerste in sy soort in Afrika.[86]

Die provinsie Antwerpen het onder meer ’n taallaboratorium saam met die UV op die been gebring. In 2001 het die ATKV ’n unieke ooreenkoms met die provinsie Antwerpen gesluit wat ten doel het om Afrikaanse kinderlektuur op verskillende vlakke te bevorder. Ingevolge die ooreenkoms word Afrikaanse kinderboekskrywers ontwikkel en ’n liefde vir die lees van Afrikaanse boeke by kinders gekweek. Die provinsie Antwerpen ondersteun die ATKV voorts om Afrikaans onder tweede- en derdetaalsprekers te bevorder. Slypskole is

84 “Afrikaans toe die taal wat almal kan praat”, *Die Burger*, 14 April 1999; J Koch, “Afrikaanse taalkunde in België bespreek”, *Afrikaans Vandag*, Desember 1999, p. 18; “Afrikaans sonder grense”, *Taalgenoot*, April 2005, pp. 17-19.

85 “Renders gee Afrikaans vlerke”, *Die Burger*, 3 Oktober 2005.

86 “Belge pak wanpersepsies oor Suid-Afrika”, *Beeld*, 14 April 2005; “ATKV en die provinsie Antwerpen”, *Taalgenoot*, Junie 2005, p. 34; “Vlaminge sien hoe tolkprojek vorder”, *Volksblad*, 17 April 1999.

as deel van dié bemagtigingsprojek aangebied en honderde onderwysers het reeds by die projek baat gevind. Om goeie verhoudings met Suid-Afrika uit te bou en geleenthede te skep vir Suid-Afrikaanse uitvoerende en skeppende kunstenaars, het die provinsie Antwerpen ook in 2005 'n Suid-Afrika-jaar aangebied.[87]

Op 16 en 17 Mei 2006 is 'n belangwekkende colloquium in Antwerpen oor Afrikaans gehou. Die oogmerk met die colloquium was om te besin oor toekomstige samewerking op taalgebied tussen die provinsie Antwerpen en Suid-Afrika. Etlike Afrikaanse en Vlaamse akademici en waarnemers het referate gelewer en aan besprekings deelgeneem. Dié seminaar was gedenkwaardig omdat dit gereël en gefinansier is deur die provinsie Antwerpen. Mnr. Ludo Helsen was aktief betrokke by die reëlings. Dit was die eerste keer dat 'n Europese owerheidsinstansie hom amptelik met Afrikaans bemoei het. Vir Afrikaans was dit dus 'n besondere deurbraak.[88]

Mnr. Geert Bourgeois, Vlaamse minister van Buitelandse Sake, wat eweneens geesdriftig oor Afrikaans is, het in 2008 in 'n onderhoud gemeld dat daar vroeër in Vlaandere "groot terughoudenheid" was betreffende Afrikaans as die taal van apartheid. Volgens hom het "die gevoel die laaste tyd duidelik omgeslaan." Die eerste sigbare teken hiervan, aldus Bourgeois, was die konferensie wat die regering van die provinsie Antwerpen in Mei 2006 oor Afrikaans gehou het: "Dit het gewys dat sowel ons Vlaminge as die Nederlanders deesdae kompleksloos met Afrikaans kan omgaan."[89] Bourgeois het egter in September 2008 uit die regering getree.

Minister Bourgeois van Vlaandere en die Nederlandse onderminister van Buitelandse Sake, mnr. Frans Timmermans, was middel 2008 in noue verbinding met mekaar in hul poging om 'n proses van kulturele samewerking met Suid-Afrika, onder meer oor die posisie van Afrikaans, te begin. Hierdie inisiatief van twee Europese owerheidsinstellings rakende die posisie van Afrikaans is deur L Scholtz, "Die Burger" se verteenwoordiger in Brussel, as uniek bestempel: "Vir die eerste keer in die geskiedenis bemoei die Nederlandse en die Vlaamse regering hulle met die agteruitgang van Afrikaans in Suid-Afrika … Dit is moeilik om die belang van dié ommeswaai

87 "ATKV en die provinsie Antwerpen", *Taalgenoot*, Junie 2005, p. 34; "ATKV-Jaarverslag 2006", *Taalgenoot*, Julie/Augustus 2006, bylaag.

88 "Belge sê beheptheid met Engels onnodig", *Rapport*, 28 Mei 2006; L Scholtz, "Die Taal kán gedy in Lae Lande", *Die Burger*, 8 Junie 2006.

89 L Scholtz, "Hier is 'n yslike kans vir Afrikaans", *Die Burger*, 6 Junie 2008.

te oorbeklemtoon. Dit beteken dat Afrikaans, noudat hy bevry is van die meulsteen van apartheid, internasionaal op 'n positiewe wyse raakgesien word … Die tyd het aangebreek om die taalstryd te internasionaliseer."[90]

Die taalstryd "geinternasionaliseer"

Mnr. Ludo Helsen van die provinsie Antwerpen en 'n groot vriend van Afrikaans en prof. W Carstens, voorsitter van die Afrikaanse Taalraad (ATR), het in Desember 2008 ooreengekom dat 'n rondetafelkonferensie vroeg in 2009 gehou moet word om Vlaamse en Afrikaanse organisasies bymekaar te bring. Die gedagte is om groter koördinering te weeg te bring tussen die organisasies wat belangstel in die behoud van Afrikaans en die ontwikkeling van agtergestelde Afrikaanse mense. Die idee is ook om "finansiële hulp uit Vlaandere vir ontwikkelingswerk onder agtergestelde Afrikaanstalige mense in Suid-Afrika te koördineer."[91]

Dr. Dirk Brand, ondervoorsitter van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) se raad van trustees, het die belangrikheid beklemtoon dat Afrikaanse en Vlaamse organisasies moontlikhede vir samewerking tot wedersydse voordeel ontgin: "Die potensiaal wat die verdere ontwikkeling van so 'n internasionale vennootskap tussen Vlaamse en Afrikaanse organisasies inhou vir die bou van brûe tussen gemeenskappe asook tussen verskillende dele van die onderskeie taalgemeenskappe moet nie onderskat word nie."[92] Hierdie inisiatief kan dus 'n daadwerklike bydrae lewer om Afrikaans uit sy isolasie te bevry. Vir Afrikaans verteenwoordig dit 'n belangrike internasionale deurbraak.

Die voordele van internasionale steun vir Afrikaans moet nie onderskat word nie. Om daardie rede het die Afrikaanse vakbond Solidariteit besluit om 'n heeltydse skakelkantoor vir Afrikaans in Brussel te open. Die kantoor sou bekendstaan as Afrinetwerk. Die kantoor sou onder meer die volgende aksies onderneem: "Afrinetwerk probeer deur middel van gereelde kontak met politici, sakelui, kunstenaars, joernaliste en almal wat belangrik is in Nederland en Vlaandere simpatie en steun te kry vir die posisie van Afrikaans

90 L Scholtz, "Vlaandere help met Afrikaans-beraad", *Die Burger*, 14 Mei 2008; L Scholtz, "Dis tyd om die taalstryd te internasionaliseer", *Die Burger*, 16 Mei 2008; J Steyn, "Presies hoe moet Afrikaanses ander help?" *Die Burger*, 5 Junie 2008.

91 L Scholtz, "Hulp uit Vlaandere vir Afrikaanse mense op pad", *Die Burger*, 16 Desember 2008; L Scholtz, "'n Vlaamse ridder vir Afrikaans", *Die Burger*, 5 Julie 2008.

92 D Brand, "Tale sonder grense", *Die Burger*, 31 Desember 2008.

en Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika. Afrinetwerk wil finansiële steun kry vir ontwikkelingsprojekte soos geletterdheids-programme vir Afrikaanssprekendes, maar ook vir onderrig in die breedste sin van die woord."[93] Die kantoor, wat sedert 1 April 2008 deur me. Ingrid Scholtz beman word, verteenwoordig ook die ATR, die SBA en die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT). Oudpres. FW de Klerk, een van die beskermhere van Afrinetwerk, het die kantoor op 30 April 2009 amptelik geopen. Mnr. F Buys, uitvoerende hoof van Solidariteit, het by dié geleentheid gesê dat dit 'n droom is wat waar geword het.[94]

Die beplande rondetafelkonferensie oor Afrikaans het op 19 Mei 2009 in Antwerpen plaasgevind. Dit is georganiseer deur mnr. Ludo Helsen, gedeputeerde vir kultuur van die provinsie Antwerpen. 'n Groep Afrikaanse en Vlaamse organisasies het vergader "om 'n strategie uit te werk wat sal uitmond in 'n beter gekoördineerde en langdurige samewerkingsverband tussen die deelnemende organisasies. 'n Gevolg van daardie strategie kan geldelike of andersoortige steun wees vir Afrikaanstalige projekte in Suid-Afrika." 'n Voortsettingskomitee is ook aangewys om aandag te gee aan die praktiese uitvoering van allerlei projekte in Suid-Afrika.[95]

Slotbeskouing

Vanweë die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika in 1994 kon Vlaandere dit nie meer bekostig om sy kultuurbande feitlik uitsluitend met die wit Afrikaners te onderhou nie. Die gelykberegtiging van die verskillende bevolkingsgroepe sou voortaan as riglyn dien. Vlaandere sou hom daarop toespits om 'n bydrae te lewer tot die bevordering van veeltaligheid in Suid-Afrika. Die Vlaamse regering het die verhouding tussen Afrikaans en Nederlands ná 1994 aanvanklik versigtig gehanteer, ten einde nie 'n negatiewe teenreaksie van die African National Congress (ANC) te ontlok nie. Feit van die saak was dat ANC-woordvoerders nie besondere waarde aan die historiese bande van taal, kultuur, godsdiens en geesteslewe geheg het nie. Die ANC

93 "Wat is Afrinetwerk?" (available at: http://www.afrinetwerk.be/afrikaans, as accessed on 3 June 2009); "Afrinetwerk komt op voor het Afrikaans" (available at: ttp://www.ovdp.net/Algemeen/Nieuwsbrief/documenten , as accessed on 2 August 2009); F Buys, "Liefde vir die taal verklaar", *Beeld*, 19 Mei 2009.

94 FW de Klerk en F Buys, 30 April 2009 (available at: http://www.afrinetwerk.be/afrikaans, as accessed on 3 June 2009); *Die Burger*, 29 April 2009 & 1 Mei 2009.

95 Skriftelike mededeling van prof. W Carstens, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit aan HO Terblanche, 9 Maart 2009; L Scholtz, "Taalstryd tuis beslis, al wil Lae Lande help," *Die Burger*, 22 Mei 2009.

was dus glad nie ingestel op die tradisionele bande van taalverwantskap tussen Vlaandere en Suid-Afrika nie. Hierdie nuwe politieke realiteit moes derhalwe in berekening gebring word.

Die politieke ommekeer in Suid-Afrika het beslis gelei tot ’n groter kulturele wisselwerking tussen Vlaandere en Suid-Afrika. Daar is ook sprake van groter samewerking tussen Afrikaans en Nederlands. Die politieke houding het beslis ten gunste van Afrikaans verander, dog daar moet steeds met omsigtigheid opgetree word. Afrikaans word in ’n veel mindere mate as ’n besmette taal beskou. Maar feit bly egter dat daar by Vlaminge in die algemeen nog groot onkunde bestaan oor Afrikaans en die Afrikaanse letterkunde. Dit is dus ’n geval van onbekend maak onbemind. Die kulturele boikot kon onder meer hiertoe bygedra het. In invloedryke kringe is daar egter ’n gevoel dat die kulturele, literêre en wetenskaplike kontakte tussen Nederlands en Afrikaans uitgebrei moet word. Belangrik is die feit dat daar op regeringsvlak wat die Lae Lande betref, sprake is van ’n positiewe bemoeienis met Afrikaans.

‘n Belangwekkende konferensie het in Mei 2010 in Amsterdam plaasgevind. Die internasionalisering van die Afrikaanse saak is daardeur ‘n stap verder gevoer. Verteenwoordigers van die Nederlandse en die Vlaamse regering asook parlementslede en akademici uit die twee gebiede was onder meer teenwoordig. Daar is veral gefokus op die praktiese nut van Afrikaans, veral in die lig van die armoedeprobleem in Suid-Afrika. Van Nederlandse en Vlaamse kant was daar ‘n duidelike bereidwilligheid om Afrikaanse mense te help.[96]

96 L Scholtz, “Afrikaans kry unieke kanse in Lae Lande,” *Die Burger*, 28 Mei 2010; L Scholtz, “Europeërs bereid om Afrikaanses te help,” *Die Burger*, 4 Junie 2010.